

18 September

Skrifgedeelte: Markus 6:30-34
Fokusgedeelte: Markus 6:30

Deurlopende terugvoer en verdere toerusting is nodig

Om jou roeping as dissipel van ons Here Jesus te kan vervul, moet jy lewe volgens die ritme waarvolgens Hy gelewe en sy dissipels vir hulle dienswerk toegerus het ...

Toe Hy sy dissipels uitgestuur het, het hulle na verloop van tyd teruggekeer en hulle wedervaringe met Hom (en met mekaar) gedeel – alles wat hulle gedoen en die mense geleer het. Hy wou hulle eenkant toe neem, na 'n stil plek toe, om 'n bietjie te rus – om te besin oor hulle dienswerk en, soos Hy dikwels gedoen het, tot God te bid en na sy wil te vra, maar ook om hulle nog meer te leer en hulle nog beter toe te rus!

Toe Jesus en sy dissipels uit die skuit klim, het daar egter 'n groot skare op hulle gewag. Hy het hulle innig jammer gekry, omdat hulle soos skape sonder 'n herder was, en hulle dadelik uitvoerig begin leer. En daarna het Hy ook konkreet – deur hulle met net vyf brode en twee vissies te voed – bewys dat Hy ons Here en Herder is, wat in al ons nood en behoeftes voorsien! So lei Hy hulle tot 'n dieper besef van Wie Hy is, tot 'n inniger verbintenis met Hom, en tot groter toewyding aan sy diens.

Om jou roeping as dissipel te kan vervul, moet jy telkens weer na jou Sender terugkeer, om nog beter deur Hom toegerus te word, sodat jy jou dienswerk met nuwe krag en ywer kan verrig. Jy moet jou wedervaringe met Christus en met jou medegelowiges deel en mekaar so aanspoor en bemoedig. Jy moet vra dat Hy jou deur sy Gees en Woord sal leer en lei om te weet en te glo dat Hy ons Herder is, op Wie ons onwrikbaar kan vertrou, en met vreugde dáárvan te getuig!

Sing: Psalm 84:2, 3 (1936)

Ds. AJ (André) Myburgh (Springs)